

# MADE FOR A MISSION




# WEEK EEN

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| L | T | Q | K | N | J | D | S | P |
| O | I | F | A | R | I | P | S | K |
| G | F | A | I | T | H | K | W | I |
| M | T | M | I | S | S | I | O | N |
| R | F | I | H | O | P | E | I | G |
| A | P | L | O | V | E | C | I | D |
| G | R | Y | C | I | O | U | S | O |
| V | W | D | T | Q | V | T | R | M |
| G | O | A | W | K | A | O | Q | I |

Welkom by ñ reis waar jy die hart van die Here gaan ontdek vir mense en stede. Ons gaan saam ontdek waar elkeen van ons inpas in die storie van Jesus. Wat jy doen met jou lewe is vir God belangrik. Somtyds voel my bydrae maar klein, maar die somtotaal van almal se bydrae verander die wêreld.
***God het jou uniek gevorm.***
Deur jou "*wie jy is*" te ontdek, sal jy maklik kan bepaal waar en hoe jy jou doel op aarde kan uitleef.

## DAGSTUKKIE 1 - KONINKRYK

Jesus het gekom om ñ nuwe Koninkryk op aarde te vestig. ñ Koninkryk waar Jesus as koning heers.

*Ps 103:19*

Die Here het sy troon in die hemel gevestig;
Hy heers oor almal.

Met Jesus se koms het Hy Sy koninkryk kom vestig en ook om heerskappy terug te neem. Hierdeur kom herstel Hy die agteruitgang van die effek van die sondeval.

*1 Kor 15:24-25*

24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. 25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

Jesus kom om God se wil en manier op aarde te vestig. Dit gaan oor Jesus wat regeer:

- Oor elke hart
- Oor elke omgewing
- Om alles wat nie belyn is met Sy heerskappy, Sy wil en manier nie, weer te belyn

Die storie van die Koninkryk van God begin by Jesus.

## Heb 1:3

Die Seun weerkaats God se heerlikheid, en Hy is die presiese ewebeeld van wie God werklik is. Deur sy magtige bevel hou Hy die ganse heelal in stand. Nadat Hy gesterf het om ons van sondes te reinig, het Hy die posisie van eer en mag aan die regterhand van God ingeneem - die God so vol majesteit wat in die hemel woon.

Jesus het vir ons kom demonstreer hoe ñ Koninkryk lewe lyk. Nou regeer Hy as die Koning van die Koninkryk met die verantwoordelikheid om God se wil op aarde te vestig.

Jesus het gekom om die nuwe koninkryk:

- Te demonstreer (Sy tyd op aarde)
- Tot stand te bring (Dood en Opstanding)
- Op aarde te vestig. Hy is die koning wat heers

## Kol 1:15-18

15 Die Seun is die sigbare uitbeelding van die onsigbare God. Hy is die Eerste van die hele skepping,16 omdat God alles deur Hom geskep het. Ja, alles in die hemel en op die aarde – die dinge wat gesien kan word en die dinge wat nie gesien kan word nie, of dit nou konings of heersers, regeerders of maghebbers is – álle dinge is deur Hom en vir Hom geskep.17 Hý was daar vóór alles, en in Hom word alles saamgebind. 18 Hý is die hoof van die kerk, sy liggaam.

# Koninkryk is goeie nuus!

*Mark 1:15*

Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek. God se koningsheerskappy gaan nou enige oomblik begin! Kom tot inkeer en glo die Goeie Nuus!"

Wanneer ons God se lewensbeginsels in ons huwelik, werksplek en omgewing toepas, bring dit ware lewe. Mense beleef dan ook God se goedheid in hulle lewens.

*Luk 10:8-9*

8 As ñ dorp julle verwelkom, eet wat ook al aan julle voorgesit word. 9 Genees die siekes wat daar woon, en sê vir hulle: 'Die koningsheerskappy van God is nou naby julle.

Die toepassing van God se Koninkryks-beginsels bring ware lewe in ons wêreld.

*Matt 13:31-32*

31 Hier is nog ñ gelykenis wat Hy vir hulle vertel het: "God se koningsheerskappy is soos ñ mosterdsaad wat iemand in sy tuin geplant het. 32 Dit is die kleinste van alle saadsoorte, maar as dit groei, word dit groter as al die ander plante in die tuin. Dit word so ñ groot boom dat die voëls in sy takke kan kom nesmaak."

## DAGSTUKKIE 2 - A FAMILY ON MISSION


*Joh 17:18*

In the same way that you gave me a mission in the world, I give them a mission in the world.

Die kerk is ñ familie op ñ missie. Elke persoon moet groei om ñ "City Changer" te word. Dit beteken om sy verantwoordelikheid op te neem in God se koninkryk. Mense moet tot bekering kom, geestelik groei en hulle rol opneem om transformasie in stede te bring.

Die kerk is op ñ missie met ñ mandaat om ñ impak in ons wêreld te bring. Elkeen van ons vorm deel van die missie.

Ons verantwoordelikheid behels om die "*Spiritual Lostness, Social Pain and Systemic Brokenness*" van ons stede, deur "FAITH, LOVE and HOPE" aan te spreek.




Wanneer ons die volgende toepas bring dit heelheid in ons wêreld

- Faith that reaches the lost
- Love that heals the pain
- Hope that restores what is broken

As ons primêre fokus net na die bou van die kerk gerig is, sal ons impak minimaal wees.
Ons moet eerder deur ñ koninkrykslens kyk, as net na die bou van ñ gemeente.

Wat is die verskil?

- Die bou van ñ gemeente fokus net op die boodskap van verlossing en die versorging van mense.
- Teenoor die boodskap van die Koninkryk wat hoop na ons wêreld toe vat. Herstel is vir mense sowel as die wêreld.

Ons raak dissipels van Jesus wat op ñ missie is om heelheid in ons wêreld in te vat.

Na die sondeval het boosheid in die wêreld ingekom. Die gevolg was:

- Verdraaide waardes
- Swak bestuur
- Sondige gewoontes

**Jesus herskep wat verval het.**

*Kol 1:20*

Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy vrede gemaak. Ja, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

Alles is vir God en deur God gemaak. Ons taak is om alles met God te versoen. Om te herstel en lewe te bring waar die wêreld stukkend is.

Paulus verwys na alles, met ander woorde: elke persoon, gesin, werk, omgewing en die natuur.

Alles moet nuut gemaak word. Die goeie nuus is vir almal.

## DAGSTUKKIE 3 - FAITH THAT REACHES THE LOST

Elke persoon wie Jesus begin volg, ervaar in sy persoonlike wêreld ware lewe. Jesus se koninkryk word ook op so manier uitgebrei.

Mense se waardes kan nie verander sonder dat hulle Jesus-volgelinge word nie.
Daarom is ons eerste stap as "City Changers" om vir mense die goeie nuus van die wedergeboorte te vertel.
Daarna om hulle te dissipel om ook ñ "City Changer" te word.
Hierdie opdrag om mense te help om volgelinge van Jesus te word is aan alle "City Changers" gegee en ons moet daarvoor verantwoordelikheid opneem.

Jesus gee die volgende opdrag aan ons:

### Matt 28:18-19

18 Jesus kom toe nader en sê vir sy dissipels: "God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou. 19 Gaan dan, maak al die nasies my dissipels, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Wat kan jy doen?

- Bid vir jou vriend
- Vertel stories waar Jesus betrokke is in jou lewe
- As daar ñ passie in jou hart is rondom *"Faith to reach the lost"*, gebruik die Alpha kursus as ñ proses om mense te help om Jesus te begin volg.

## DAGSTUKKIE 4 - LOVE THAT HEALS THE PAIN

# Liefde in aksie

*1 Joh 3:18-19*

My children, love must not be a matter of words or talk; it must be genuine, and show itself in action. This is how we may know that we belong to the realm of truth.

Om vir mense om te gee wat deur swaarkry gaan, is deel van ons verantwoordelikheid. Veral om uit te reik na mense waarmee dit swaar gaan.

Dit sluit in:

- Mense wat in armoede vasgevang is, weeskinders, weduwees.
- Mense wat in ñ lewens- of emosionele krisis beland het as gevolg van siekte, omstandighede of emosionele probleme.

Liefde verwag nie iets terug nie, dit gee onvoorwaardelik waar daar behoefte is.

Dr. Martin Luther King Jr. maak die volgende stelling:

*"We must discover the power of love, the redemptive power of love. And when we do that, we will make of this old world a new world, for love is the only way."*

Dit lyk onmoontlik om die pyn in die wêreld aan te spreek, maar deur die krag van liefde is dit moontlik. Liefde is God se bonatuurlike krag. Dit is Hyself in aksie en kan elke pyn aanraak.

*Matt 5:16*

Keep open house; be generous with your lives. By opening up to others, you'll prompt people to open up with God, this generous Father in heaven.

Ons kan ñ stad sien verander deur liefde in aksie.

ñ Vrygewige lewe beteken om ander te help, deur my tyd, my talente, my geld. Deur ñ lewe van gee te leef, bemagtig ek ander.
Elke persoon wat homself beskikbaar stel, vir een persoon in nood, kan die wêreld ñ beter plek maak.

Liefde neem ons om te beweeg van "concern" vir ons gemeenskap, (waar ons net kennis neem van die pyn), na "compassion". Dit neem jou na die plek waar ons die vraag vra:
*'Wat kan ek omtrent dit doen?'*

## DAGSTUKKIE 5 - HOPE THAT RESTORES WHAT IS BROKEN

Om ñ stad te sien verander, het ons nodig dat die dieperliggende rede vir die pyn aangespreek word.

Ons moet die vraag vra: *"Wat veroorsaak die "systemic brokenness" in ons stad?"*

Watter rol kan ek opneem om die volgende omgewings te transformeer:

- Gesinne
- My werksplek
- Die 8 omgewings van die samelewing *(Kerk, besigheid, kuns, media, sosiale dienste, sport, opvoedkunde, regering.)*

Die Here roep ons as Sy kerk om heelheid te bring in ons gebroke wêreld.

*Eph 1:23 (Msg)*

The church is Christ's body, in which he speaks and acts, by which he fills everything with his presence.

Elke keer as ons "FAITH, LOVE AND HOPE" deur ons laat vloei, vul ons alles met Jesus se teenwoordigheid.

*Jer29:7 Esv*

But seek the welfare of the city where I have sent you into exile, and pray to the Lord on its behalf, for in its welfare you will find your welfare.

In plaas van om negatief teenoor ons stad of land te praat:

- Kom ons spreek lewe
- Kom ons leer/demonstreer mense koninkryksbeginsels
- Kom ons heers en sit planne in plek wat omgewings kan verander

God se plan was van die begin af dat ons hoop in ons wêreld moet bring.

Ons leer in Genesis hoe om hoop in ons wêreld uit te leef.

*Gen 1:28*

God het hulle geseën deur te sê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde. Onderwerp die aarde en heers oor die visse van die see, die voëls in die lug en oor al die diere op die aarde."

*Heers:*
Bring goeie organisasie, leierskap, bestuur, strategie en oplossings binne ñ omgewing.

*Onderwerp:*
Ons bring Jesus se bloudruk plan, sy waardes en beginsels binne ñ omgewing, Sy wil en manier in daardie omgewing.

Ons verantwoordelikheid behels om die

“Spiritual Lostness, Social Pain and

Systemic Brokenness” van ons stede, deur

“FAITH, LOVE and HOPE” aan te spreek.



# WEEK TWEE

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | W | C | R | N | L | D | S | T | Y | U |
| V | Z | F | U | B | E | D | K | D | D | Q |
| E | F | S | I | T | Q | K | N | V | S | W |
| F | A | I | T | H | F | U | L | R | H | E |
| F | T | V | G | O | A | I | T | Q | K | R |
| P | H | K | M | T | R | I | S | A | L | T |
| D | E | H | R | F | I | Y | O | Z | M | U |
| F | R | U | I | T | F | U | L | O | N | R |
| F | I | N | B | D | P | M | R | E | B | T |
| Y | N | I | D | R | E | Z | S | R | V | Y |
| P | G | Q | N | K | O | I | A | T | C | U |
| Z | C | U | Q | R | H | N | G | Y | X | I |
| B | D | E | A | V | A | K | J | H | Z | O |

## DAGSTUKKIE 1 - GOD SE STORIE IS ONS STORIE

Alles is vir Jesus geskep. Ons lewe draai nie in die eerste plek oor ons suksesse nie, maar ñ lewe toegewy aan Jesus.

Paulus skryf oor ons skeppingsdoel. Hy skryf dat ons deur God, vir God geskep is.

*Kol 1:16*

Omdat God alles deur Hom geskep het. Ja, alles in die hemel en op die aarde – die dinge wat gesien kan word en die dinge wat nie gesien kan word nie, of dit nou konings of heersers, regeerders of maghebbers is – álle dinge is deur Hom en vir Hom geskep.

As ons vir Hom geskep is, moet ons ons lewe toewy aan Hom.

*Rom 12:1*

Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as ñ lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak.

Ons word uitgedaag om "ja" te sê vir Hom en aan te meld om deel van Sy storie te wees.

Ons is geroep deur God vir Sy doel, om deel van Sy plan te wees. Ek kan nie my doel ontdek sonder om myself in Sy storie te sien nie. Daarom beteken dit nie altyd dat wanneer jy suksesvol is, jy noodwendig besig is om jou doel op aarde uit te leef nie.

Wanneer ons ons doel in God se Koninkryksplan ontdek en dit begin uitleef, raak ons lewe ñ lewe van aanbidding aan die Here. Aanbidding raak ñ lewenswyse.

Ons is geskep om ons lewe aan Hom toe te wy en God deur ons lewens te aanbid.

*2 Tess 1:11-12*

11 Mag God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van geloof volkome maak. 12 So sal die naam van die Here Jesus deur julle verheerlik word.

Die verskil wat Jesus deur jou maak, sal baie mense se lewens aanraak en hulle sal die Here loof daarvoor.

*2 Kor 9:13*

Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander.

## DAGSTUKKIE 2- GOD SE TEENWOORDIGHEID


*Ef 1:22*

God het alle dinge onder sy beheer gestel en Hom ook as Hoof van alles aan die kerk gegee. 23 Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.

*Ef 4:10*

Dieselfde Persoon wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het tot ver bo die wolke- en sterrehemel sodat Hy die heelal met sy teenwoordigheid kan vul..

God wil die aarde met Sy teenwoordigheid vul,
dus wil Hy Sy Koninkryk op aarde vestig.




Ons kan sy teenwoordigheid uitdrukking gee deur:

- *FATHERING* presence - A burdened heart.
- *FAITHFUL* presence - The character of Christ in the world.
- *FRUITFUL* presence - The actions of Christ in the world.

**Fathering presence**

Die storie van God begin in ons eie lewens, waar ons eie lewe deur Hom verander word.

- Ons ontvang liefde
- Ons ontvang vergifnis
- Ons ontvang hoop

En vanuit Jesus wat ons lewens aanraak, word ons lewens ñ stroom na ander mense.

Om God se hart vir ander te ontdek, noem ons "*Fathering presence*"

*2 Kor 3:18*

Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk, met ñ heerlikheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee.

Jesus is liefde. In ons verhouding met Hom, ontvang ons elke dag Sy liefde.
Dit bring mee dat ons Sy hart optel en uitleef na buite.

Die voorbeeld van diensbaarheid was deur Jesus uitgeleef. Hy het ñ dienskneg-hart gehad en Sy alles gegee vir Sy medemens. Sy lewe is vir die mens ñ inspirasie om diensbaar te word.
Jesus se voorbeeld leer ons, "myne" word "joune", "ontvang" word "gee" en "heerser" word "dienskneg." Ons behoort begelei te word om te verander, van ñ lewe wat draai om jouself, na iemand wat betrokke raak in ñ gemeenskap en die behoeftes van ander raaksien en aanspreek.

Dit is hierdie hart van Jesus wat ons optel en wat ons inspireer om ander te dien.

Ons skeppingsdoel se fokus draai om die beginsel: *"gee is belangriker as ontvang"*. Ons moet besef dat die rede vir ons bestaan nie net om onsself draai nie, maar ook om ander deur diensbaarheid te dien.

## Matt 20:26-28

26 Maar onder julle moet dit heeltemal anders wees. Wie onder julle ñ leier wil wees, behoort julle dienskneg te wees. 27 En wie die eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees. 28 Net so het Ek, die Seun van die Mens, nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer en boonop my lewe te gee as ñ losprys vir baie mense.

## Ef 2:10

Want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe.

Wanneer jy ñ dienskneg word, verander jou gesindheid van self-gefokusdheid na ander gefokusdheid.
Daardeur kom my hart in lyn met God se hart.
Ons skuif van verskoningsdenke na kreatiewe denke om God se teenwoordigheid op aarde uit te leef.

**Faithful presence**

Ons lewe bestaan uit verskillende rolle.
Ons is deel van ñ gesin, vriendekring en werksomgewing.
Dit is in hierdie spasies waar ons deur ons lewenswyse ander kan dien. Ons karakter wys vir hulle wie Jesus is.

Ons lewe bestaan nie uit kompartemente uit, waar ons normale lewe en bedieningslewe van mekaar geskei is nie. Ons elke-dag lewe is in diens van die Here.

Net deur met ñ ander gesindheid te leef gee ons uitdrukking aan Jesus.
Voorbeelde van so tipe gesindheid is:

- Diensbaarheid teenoor selfsug
- Geduldig teenoor geïrriteerd
- Positief teenoor negatief

So word jou lewe ñ dagboek van Jesus wat mense kan lees. God se 'faithful presence' word sigbaar in jou lewe.

So ñ lewenswyse dra by dat jou vriende vir jou sal vra:
*"Hoe kry jy dit reg om met so ñ ingesteldheid te leef"?*
Dit raak dan die ideale geleentheid om vir hulle jou storie te vertel van hoe Jesus jou elke dag help.

## DAGSTUKKIE 3 - FRUITFUL PRESENCE

Hoe kan ons God se teenwoordigheid uitdrukking gee in ons elke dag lewe?

Ons lewe behoort ñ verbintenis te wees om ander mense te dien.
Deur moeite te doen om liefde, waarheid en eerlikheid in die wêreld uit te leef, is ons besig om te dien.
Ons moet onsself gereeld die vraag afvra: *"Hoe kan ek ander help met wie ek in aanraking kom? Hoe kan ek fruitful wees?"*

Ons behoort ñ verskil in die wêreld te maak. Ons moet nie net mense wees wat praat en kennis dra van die probleme van die wêreld en ander veroordeel nie, maar ons behoort die vraagstukke van die wêreld aan te spreek deur prakties in die veld betrokke te raak. Ons moet besef deur ñ bydrae te lewer, kan ons ñ verskil maak. Elkeen se bydrae is waardevol. Moenie dink jou bydrae sal nie ñ verskil maak nie. Inteendeel; as elkeen ñ bietjie doen, dan maak ñ span ñ groot verskil.

Ons kan op twee maniere tot aksie oorgaan om God se teenwoordigheid prakties uitdrukking te gee.

- Ons elke dag lewe.
- Ons unieke roeping vir ñ seisoen.

**Ons elke dag lewe**

Ons elke dag lewe raak bediening na ander toe.

- Ons raak ñ bemoediger vir ons kinders en vriende.
- Ons is die voorbidder by die werk.
- In ons selgroep laat ons toe dat die gawes vloei bv.
  - Wysheid en insig (Gee goeie raad)
  - Profesie (Bemoedig en stig)
  - Lering (Help mekaar om geestelik te groei)

As ons in die oggend opstaan, moet ons eerste gebed wees: *"Here, hier is ek! Gebruik my en stuur my."*
Dit sal help dat ons geleenthede intensioneel raaksien. Ons kyk waar mense in nood is. Waar daar uitdagings in omgewings is. Ons stap in daardie spasies in en maak Jesus se teenwoordigheid tasbaar.

**Ons unieke roeping vir ñ seisoen.**

Ons leef ook intensioneel om gesinne, werksplekke, kerkgemeenskappe en vriende te dien met Jesus se teenwoordigheid.

*1 Pet 4:8*

Die belangrikste van alles is dat julle mekaar onselfsugtig moet liefhê. Tweedens: Ontvang mekaar in julle huise sonder om te kla.

Ons elkeen het ñ unieke bydrae wat ons kan lewer om God se koninkryk op aarde te vestig.
As ons die vraag vir jou moet vra? *"As jy 1 uur per week het om ñ verskil te maak, waar sal jy dit maak?"*
Wat is jou unieke bydrae in die koninkryk van God? Hierdie bydrae bring die kerk in aksie.

Ek raak deel van die program om mense te help gesond word, versorg, dissipel en hulle rol in die koninkryk van God te ontdek.

Ek word gestuur om:

- Liefde te vat waar pyn in ons stad is.
- Hoop te neem waar gebrokenheid in gesinne is.
- In die 8 sfere van die samelewing ñ impak te maak.

*(Kerk, besigheid, regering, kuns, sport, media, welsyn en opvoedkunde )*

## *1 Pet 4:10-11*

10 Derdens: God het aan elkeen van julle ñ genadegawe gegee. Met hierdie gawes moet julle mekaar dien sodat God se ryk genade deur julle na mekaar toe kan vloei.
11 Het jy die gawe ontvang om te preek? Dan moet jy só preek dat Gód deur jou praat. Het jy die gawe ontvang om ander te dien? Doen dit met die krag en energie wat Gód gee. Só moet God verheerlik word deur dit wat Jesus Christus moontlik gemaak het.

In week 3 en 4 gaan ons spesifiek daarop fokus op jou te help om jou unieke plek te ontdek.

**DAGSTUKKIE 4 - ONS UNIEKE ROEPING**

Meeste mense vra die vraag: *"Hoe leef ek doelgerig?"*

Ons stoei met:

- Ons identiteit – Wie is ek?
- Belangrikheid – Maak ek saak?
- Impak – Wat is my rol op aarde?

Jy vind die antwoorde in:

- My identiteit in Jesus. (*Fathering Presence*)
- In ñ lewe van aanbidding, waar my lewe gefokus is om God te aanbid. (*Fathering Presence*)
- Wat is die karakter van my lewe: Kry Jesus se karakter uitdrukking deur my lewe? (*Faithful Presence*)
- Wat is my bydrae in die lewe? (*Fruitful Presence*)

Moenie jouself met ander vergelyk nie en ontdek jou spesifeke rol op aarde.

Alles wie ek is, is uniek gemaak deur God vir ñ tyd soos hierdie.

Ons mens is uniek in ons ervarings en agtergrond. Ons het unieke behoeftes, roepings, passies en talente. Daarom is dit belangrik dat ons dit moet ontdek, sodat ons betrokke kan raak in die area waar ons dit sinvol kan uitleef.

*Ef 2:10*

Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het .

**Hoe het God jou gevorm?**

Ons elkeen is uniek in onsself. Ons behoort nie net in enige plek van dienslewering in te skakel nie, maar ons moet betrokke raak volgens ons unieke persoonlikheid, talente, passie, waardes en lewensdoel. Ons het unieke innerlike waardes in die kern (*innerlike self*) van ons menswees wat ontdek en uitgeleef behoort te word. Ons is almal verskillend gemaak en is deur verskillende omstandighede en ervarings gevorm.

*Rom 9:20-21*

Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: "Waarom het jy my so gemaak? Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie?"

Sien dit soos ñ toneelstuk. Elkeen het ñ rol om te vertolk. Wanneer ons elkeen ons unieke rol vertolk word die storie van die toneel uitgebeeld.

Jesus is die regisseur en Hy weet die beste waar ons inpas in Sy plan.

## DAGSTUKKIE 5 - ONTDEK JOU UNIEKHEID

Ons bydrae help om die wêreld ñ beter plek te maak. Dit handel hier oor ons nalatenskap aan ander mense en die omgewing:

Covey sê die volgende:
*"The need to leave a legacy is our spiritual need to have a sense of meaning, purpose, personal congruence and contribution."*

Voor ons kan bepaal wat ons moet doen, moet ons eers ontdek wie ons is?

Dave Lomas onderstreep die volgende belangrike les:
*" Before God tells us what to do, He tells us who we are. "*

Ontdek eers wie jy is in Chrisus en vra dan waar kan jy jouself uitdrukking gee.

Jy moet jou "*ware ek*" ontdek.

Ons moet ook ons unieke "ek" in God se plan vind.

*1 Kor 12:12,18*

Die menslike liggaam het baie ledemate, maar hierdie baie ledemate vorm almal saam net een liggaam. So is dit ook met Christus se liggaam

18 Maar nou het God dit so beskik dat daar verskillende ledemate sal wees en dat elkeen van hulle sy eie plek in die liggaam sal hê, soos Hy dit goedvind.

Rick Warren verwys daarna:
*Before architects design any new building they first ask, What will be its purpose? " How will it be used?". The intended function always determines the form of the building. Before God created you, He decided what role He wanted you to play on earth. He planned exactly how He wanted you to serve Him, and then He shaped you for those tasks. You are the way you are because you were made for a specific ministry. Each of us is uniquely created by God to fill a specific role that He has destined for us. God has planned every day of our lives to support his forming process.*

*Ps 139:16-18*

16 U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my
lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek
gebore is. 17 Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God,
hoe magtig hulle almal! 18 As ek hulle sou wou opnoem,
hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar
is, sou ek nog steeds met U te doen hê.

**Lewenssin**

Wanneer jy jou unieke doel, jou 'ware ek' verstaan, gee dit aan jou lewe sin.

Die rede tot sin, behoort dus ook ontdek te word en nie geskep te word nie. Ons behoort nie te soek na ñ abstrakte sin in die lewe nie. Elkeen behoort sy eie spesifeke opdragte en missie in die lewe te soek, wat uitgevoer behoort te word om ten einde vervulling te beleef.

Hoe harder gesoek en gekonsentreer word om geluk te beleef, hoe meer word dit verhinder.

Geluk word beleef deur:

- Jou unieke behoeftes en lewensmissie te ontdek

Dan word sin en betekenis aan jou lewe gegee, en geluk te weeg gebring.

Ons moet ontdek by watter area ons die meeste sinvolheid beleef en waar ons die beste inpas.

Ons word uitgedaag om “ja” te sê

vir Hom en aan te meld

om deel van Sy storie te wees.




# WEEK DRIE

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | W | C | R | N | L | D | S | T | Y | P |
| G | E | X | P | E | R | I | E | N | C | E |
| E | F | S | A | T | Q | K | N | V | S | R |
| T | U | U | S | H | S | U | L | R | H | S |
| F | T | V | S | O | A | I | T | Q | K | O |
| P | G | G | I | F | T | S | S | A | L | N |
| D | L | H | O | F | I | Y | O | Z | M | A |
| F | R | U | N | T | F | U | L | O | N | L |
| F | I | N | B | D | P | M | R | E | B | I |
| Y | N | I | D | R | E | Z | S | R | V | T |
| P | G | D | I | S | C | O | V | E | R | Y |
| Z | C | U | Q | R | H | N | G | Y | X | I |
| B | D | E | A | V | A | K | J | H | Z | O |

## DAGSTUKKIE 1- ONTDEKKINGSREIS

Is jy reg om op ñ reis te gaan om jouself te ontdek in God se lewensplan vir jou lewe? As God jou wil gebruik in ñ area, sal Hy jou toerus met alles wat jy nodig het vir daardie taak.

In die mens se "*innerlike ek*", lê sy diepste persoonlike identiteit.

Helminika sê die volgende: "*Human spiritual capacity expresses itself in awareness, insight, understanding, judgment, decision, and self-determination.*"

Ons beskik ook oor die vermoë om bewus te word van wie ons is, om oor onsself te besin en om die innerlike self te begryp.
Op grond van introspeksie kry jy kennis van jou "*innerlike ek*" en vanuit hierdie kennis kan oordele gevorm en besluite geneem word.

Ons gaan by drie areas stilstaan om onsself te ontdek:


- Wie is ek? - Hoe sal ek my bediening uitleef?
- Passie - Waarvan hou ek?
- Vermoë - Waarin is ek goed?

Dit gaan my help om vir my ñ lewensmissie te skryf (week 5, dagstukkie 1&2),

- sodat ek dit kan uitleef
- sinvolheid beleef en
- my verantwoordelikheid opneem in God se Koninkryk.

Vanuit my lewensmissie kan ek vir my ñ "*City Changers*" doelwit skryf.

Paulus skryf baie oor sy eie introspeksie en hoe hy homself ontdek het.




**DAGSTUKKIE 2 - LEWENSERVARING**

*Spr 4:13*

Hou vas aan wat ek jou leer, moet dit nie laat los nie; bly daarby, want dit is jou lewe.

Die rol van ons lewenservaring behoort nie onderskat te word nie.

Deur terug te kyk na jou lewe, sal jy baie dinge van jouself leer. Ons lewe bestaan uit verskeie lewenservarings:

- Jy sal ontdek watter vaardighede jy aangeleer het en ook in watter dinge jy nie goed is nie.
- Jy sal ontdek waaroor jy passievol is, wat laat jou lag of huil.
- Jy sal meer van wie jy is ontdek.

Paulus het baie oor sy ervaring geskryf.

**Paulus se ervarings:**

- *Sy geestelike ervarings*
  - Aanskou Stefanus se steniging (Hand 8:1)
  - Bekering op pad na Damaskus (Hand 9:1-20)
  - 3 Jaar se geestelike groei in Arabië (Gal 1:18)
  - Spesiale visioen (2 Kor 12:2-7)

- *Sy seer en traumatiese ervarings*

*2 Kor 11:23-27*

Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek ñ dag en ñ nag in die oop see deurgebring. Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

*2 Kor 12:7*

Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ñ doring in die vlees gegee, ñ boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan.

• *Paulus se opvoedkundige ervarings*

*Han 22:3*

Ek is ñ Jood wat in Tarsus in Silesië gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net so ñ kampvegter vir God soos julle almal vandag is.

• *Paulus se bedieningservarings*

As jy deur die boek Handelinge lees sal jy ontdek hoeveel Paulus skryf oor sy bedieningservaring.

Jy kan baie oor jouself ontdek vanuit jou ervarings.

- Deur ñ terugblik op die verlede, kan jy leer waarvan jy gehou en nie gehou het nie.
- Watter kennis het jy opgedoen deur byvoorbeeld, opleidings en werkservaring.
- Jy kan jouself vrae vra oor wat jou reaksie was in sekere omstandighede waarin jy jouself bevind het. Sodoende kan die verlede ñ spieël wees waarin jy jouself kan leer ken.

*Rom 8:28*

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

*Fil 1:12*

Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het.

Vanuit ons lewenservarings kan mens jouself leer om te bepaal watter gemeenskapstaak jy by sal inpas.

As jy terugkyk:

- Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?
- Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?
- Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

**Aktiwiteit**

Let op die volgende ervarings en beantwoord dit aan jouself:

1. Familie ervarings: Wat het jy geleer terwyl jy groot geword het in jou familie?

______________________________________________

______________________________________________

Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?

______________________________________________

______________________________________________

Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?

______________________________________________

______________________________________________

Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

______________________________________________

______________________________________________

2. Opvoedkundige ervaring: Wat was jou gunsteling vak op skool? Watter opleiding het jy gehad?

______________________________________________

______________________________________________

Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?

______________________________________________

______________________________________________

Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?

______________________________________________

______________________________________________

Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

______________________________________________

______________________________________________

3. Werkservaring: Watter tipe werk het jy die meeste geniet en was jy die effektiefste in?

Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?

Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?

Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

4. Geestelike ervarings: Wat was jou mees betekenisvolle geestelike ervaring?

Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?

Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?

Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

5. Watter bedieningservarings het ek gehad?

Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?

Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?

Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

6. Pynvolle ervarings: Watter probleme, seerkry oomblikke, hindernisse het jy al in jou lewe beleef?

______________________________________________

______________________________________________

*2 Kor 1:4-6*

In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.

Waarvan het jy gehou en nie gehou nie?

______________________________________________

______________________________________________

Watter vaardighede het jy geleer wat jy kan toepas?

______________________________________________

___________________________________________

Wat het jy omtrent jouself geleer (Wie jy is)?

______________________________________________

______________________________________________

Wat het jy geleer vanuit jou ervarings?

______________________________________________

______________________________________________

## DAGSTUKKIE 3 – LEWENSPASSIE

Een van die belangrike eienskappe van iemand wat ñ sukses wil maak van dit wat hy aanpak, is passie.
Ons behoort ñ hart te hê vir dit waarin ons glo, oor opgewonde raak en aanpak.
Ons behoort te luister na, en te reageer op ons innerlike stem en ons passie wat ons na ons lewenstake lei.

*2 Kor 5:14*

Die liefde van die Christus dring ons.

*2 Kor 9:2*

Ek ken julle gewilligheid en ek het al by die Masedoniërs oor julle gespog. "Agaje," het ek opgemerk, "het al 'n jaar gelede voorbereidings begin tref." En julle ywer het ook die meeste ander aangespoor.

*"In the same way, God has given each of us an unique emotional "heartbeat" that races when we think about the subjects, activities, or circumstances that interest us. We instinctively care about some things and not about others. These are clues as to where you should be serving."*
*(The Purpose Driven Life, By Rick Warren)*

**Paulus se passie**

Ons kan Paulus se passie duidelike sien in wat hy oor homself skryf:

*Rom 15:20*

Ek het my eer daarin gestel om die evangelie te verkondig waar die mense nog nie van Christus gehoor het nie, want ek wil nie op die fondament van iemand anders bou nie.

### *Han 20:24*

Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig.

God het met ñ rede vir die mens sekere belangstellings gegee. Ons emosionele hartklop is ñ baie belangrike sleutel tot die verstaan van God se plan en bedoelings met ons lewe.
Die Bybel verwys daarna dat die mens ñ passie het om in ñ sekere area gemeenskapdiens te doen .

### *1 Tim 3:1*

Dit is ñ waar woord: as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy ñ voortreflike werk.

God sal in jou hart ñ begeerte plaas om sekere dinge te doen, en om sekere dinge te vermy.

Ons kan passie ook beskryf as die begeertes of doelwitte wat jou vreugde gee. Daar is dinge in die lewe wat jou nie baie pla nie en ander dinge wat jou opgewonde maak. Dit vertel iets van jou hart bv.

- As hierdie probleem opgelos word sal die wêreld ñ beter plek wees.
- As ek mense net kan help om te groei in die huwelik.
- As ek net met kinders kan werk sal ek die gelukkigste wees.

Jou passie kan uitdrukking kry in:

- Wat my rol is (*Waarvan hou ek om te doen*)
- Passie vir ñ sekere groep mense (*Wie wil ek help*)
- Passie vir ñ sekere saak (*Wat wil ek verander*)

**Ontdek die rigting waarin jou hart jou lei.**

Die lys van "hartsbegeertes" wat hieronder gegee word, sal jou help om jou passies te verwoord.

Onthou: Daar is meer begeertes as wat hier genoem word. Skryf jou 3 hartsbegeertes neer wat jou die beste beskryf.

My hartsbegeerte is om.......

- *Dinge te ontwerp/ontwikkel* - Ek hou daarvan om iets uit niks te maak. Ek hou daarvan om iets van niks af te begin.
- *Pionierswerk te doen* - Ek hou daarvan om nuwe konsepte te toets en toe te pas. Ek is nie bang om te waag nie.
- *Te organiseer* - Ek hou daarvan om dinge te orden en orde te skep uit chaos. Ek hou daarvan om dinge te organiseer wat reeds bestaan.
- *Instandhouding te doen* - Ek hou daarvan om dinge in stand te hou wat reeds georganiseer is.
- *Te dien/help* - Ek hou daarvan om ander te help met hulle verantwoordelikhede. Ek hou daarvan om ander te help om suksesvol te wees.
- *Bymekaar te maak/te besit* - Ek hou daarvan om te koop, te versamel en dinge te verkry. Ek hou daarvan om die beste kwaliteit vir die beste prys te kry.
- *Uit te blink* - Ek hou daarvan om die beste te wees en om my span die beste te maak. Ek hou daarvan om hoë standaarde te stel en dit te bereik.
- *Te beïnvloed* - Ek hou daarvan om mense te oortuig om my sienswyse te aanvaar. Ek hou daarvan om ñ ander persoon se lewenshouding en gedragspatrone te vorm.
- *Op te tree* - Ek hou daarvan om op die verhoog op te tree en aandag van mense te kry.

- *Te verbeter* - Ek hou daarvan om dinge beter te maak. Ek hou daarvan om iets beter te maak wat ñ ander persoon ontwerp het.
- *Te herstel* - Ek hou daarvan om reg te maak wat stukkend is en om dinge op datum te bring wat verouderd is.
- *Te lei/in bevel te wees* - Ek hou daarvan om voor te loop en die rigting te bepaal. Ek hou daarvan om te bepaal hoe dinge gedoen moet word.
- *Te volhard* - Ek hou daarvan om te sien hoe dinge tot voltooiing kom. Ek hou daarvan om aan te hou totdat ñ saak afgehandel is.
- *Die reëls te volg* - Ek hou daarvan om volgens prosedures en beleid op te tree. Ek hou daarvan om aan die verwagtinge van my organisasie of hoofde te voldoen.
- *Te wen* - Ek hou daarvan om te veg vir wat reg is. Ek hou daarvan om oor ongeregtigheid te seëvier.
- *Te versorg* - Ek hou daarvan om ander mense in nood te help en te versorg.

Skryf gerus ook die begeertes neer wat nie hierbo genoem was nie. Dra dit oor na jou missieprofiel (week 5, dagstukkie 1&2).

________________________________________
________________________________________
________________________________________

Skryf 3 passies wat jou opgewonde maak en dra dit oor na jou missie profiel *(Sien tabel op die volgende bladsy)*

________________________________________
________________________________________
________________________________________

Wanneer jy op jou sterfbed lê, waaroor sou jy spyt wees?
Ek is spyt ek het nie..

________________________________________
________________________________________

| My passie: Ek raak opgewonde oor... | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mense | Kinders | Tieners | Jong Volwassenes | Studente | Manne | Vrouens |
| Kerk | Dissipelskap | Groepslewe | Kinderbediening | Aanbidding | Seniors | Opleiding |
| | Leierskap | Tegnies | Gasvryheid | | Berading (Life Centre) | Events |
| Persoonlik welstand | Omgee | Berading (Life Centre) | Mentorskap | | | |
| Families | Families/ Huwelike | Ouerskap | Egskeidings | Vaderloosheid | Enkelouers | |
| Besigheid/ werksplek | Finansiële bestuur | Besigheidsleiers Mentorskap Beginsels | Leierskap Ontwikkeling Mentorskap | Entrepreneurskap Mentorskap | | |
| **Gemeenskap** | | | | | | |
| Opvoeding | Kleuterskool Opleiding | Skoolbestuur | Onderwyser en Skoolhoofde Ondersteuning | Tutor program | | |
| Regering | Leierskap Ontwikkeling | Gemeenskaps-veiligheid | Boerdery en Voedselsekerheid | Maak die stad skoon | Stadsonderhoud | |
| Sport | Gesondheid en fiksheid | Afrigting | Sport Belangegroep | | | |
| Media | Sosiale Media Ondersteuning | Video Ondersteuning | Tegniese Ondersteuning | | | |
| Kuns | Kunsuitstalling | Kuns in die gemeenskap | Kuns Terapie | Visuele Kunste | Drama & Dans | Musiek |
| Sosiale Betrokkenheid | Haweloosheid | Werkloosheid | Vaardigheids ontwikkeling | Lewens-vaardigheid | Ondersteuning vir dwelm- en alkoholverslawing | Kinderhuise |

**DAGSTUKKIE 4 - WAARDES**

Persoonlike waardes is ons eie private individuele wete oor dit wat vir ons belangrik is.
Waardes vorm deel van ons diepste behoeftes.

Om jouself te ontdek, is dit nodig om met jou diepste waardes in kontak te kom:

> *"If you participated seriously in this visualization experience, you touched for a moment some of your deep, fundamental values. You established brief contact with that inner guidance system at the heart of your circle of influence." - Covey.*

Ons sal vanuit ons innerlike waardes en beginsels leiding kry oor ons taak, missie en doelwitte vir die toekoms.

Waardes kan in twee kategorieë ingedeel word.

- Algemene waardes
- Werklike waardes (Sien tabel op die volgende bladsy)

Die vraag wat hier gevra kan word, is: *"Waarom is dit wat vir my belangrik is, waardevol?"*.
Die rede waarom ñ huis vir iemand waardevol is, kan wees as gevolg van die grondwaarde van sekuriteit. Ons grondwaardes is nie oppervlakkige waardes nie, maar is gesetel in ñ dieper dimensie van die mens.

Waardes dui op dit wat vir ons belangrik is, en wat ons behoort te doen ten einde ons behoefte aan sin te vervul. Elke mens het waardes in die kern (innerlike self) van sy menswees.

Innerlike vrede sal beleef word indien ontdek word wat werklik waardevol is, en iets daadwerkliks in hierdie verband gedoen word. Indien doelwitte gestel word wat nie in lyn is met persoonlike waardes nie, sal moontlik sukses behaal word, maar nie innerlike lewensgeluk ervaar word nie. Ons sal ons met baie aktiwiteite besig hou, maar nie werklik produktief wees nie.

**Aktiwiteit**

Merk die 5 belangrikste waardes en karaktereienskappe vir jou in volgorde van 1 tot 5

| | | |
|---|---|---|
| Vrygewigheid<br>Dapperheid<br>Lojaliteit<br>Spiritualiteit<br>Nederigheid<br>Medelye<br>Eerlikheid | Vriendelikheid<br>Integriteit<br>Onbaatsugtigheid<br>Vasberadenheid<br>Verdraagsaamheid<br>Betroubaarheid<br>Gelykmatigheid | Altruïsme<br>Waardering<br>Empatie<br>Weerbaarheid<br>Selfstandigheid<br>Oplettendheid |

Wat leer jy hieruit van wie jy is?
Skryf dit neer en dra oor na jou lewensmissie profiel.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## DAGSTUKKIE 5- PERSOONLIKHEID

ñ Verdere kenmerk wat die uniekheid van die mens bepaal is, persoonlikheid. Mense se persoonlikhede verskil van mekaar op grond van drie invloede, oorerwing, omgewing en situasies.
Dit vorm jou persoonlikheid.

- Jou persoonlikheid kan genetiese oorgeërf word van jou voorouers.

- Die omgewing waarin jy jouself bevind dra by tot jou persoonlikheid, byvoorbeeld kultuur, waardes van families, sosiale groepe en ander ervarings.
- Die onmiddellike situasie waarin jy jou bevind, help vorm aan jou persoonlikheid.

Jou persoonlikheid behoort in ag geneem te word, voordat ñ spesifieke bediening uitgeleef word.
Sekere bedieninge vereis spesifieke vaardighede en persoonlikhede. Jou persoonlikheid sal maak dat hy/sy beter inpas en beter presteer in sekere take.

**Paulus se persoonlikheid**

*Gal 1:13-14*

Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog ñ aanhanger van die Joodse leer was. Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei. En in die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg, want ek was ñ fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders.

Jou persoonlikheid sal help bepaal waar om jou geestelike gawes en vermoëns te gebruik.

Byvoorbeeld:
Jy kan die gawe van ñ evangelis hê, maar introverte en ekstrovert sal verskillende aanslagte hê hoe hulle die gawe uitleef.

Jy moet binne die konteks van jou persoonlikheid jou bediening uitleef.

**DISC profiel.**

Fokus op die 4 woorde in elke dwars lyntjie en merk wat jou die beste beskryf.

Hoe om in te vul: Plaas ñ 4, 3, 2, en 1 op elke dwars lyntjie waar 4 jou die beste beskryf en 1 jou die minste beskryf.

Gebruik elke getal slegs 1x in elke lyntjie.

Tel dan die getalle van elke vertikale kolom op.
Die een met die meeste punte, dui jou sterkste persoonlikheid aan.

| DOMINANT | | INFLUENCING | | STEADINESS | | COMPLIANT | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Forceful | | Lively | | Modest | | Tactful | |
| Aggressive | | Emotional | | Accommodating | | Consistent | |
| Direct | | Animated | | Agreeable | | Accurate | |
| Tough | | People-oriented | | Gentle | | Perfectionist | |
| Daring | | Impulsive | | Kind | | Cautious | |
| Competitive | | Expressive | | Supportive | | Precise | |
| Risk taker | | Talkative | | Patient | | Factual | |
| Argumentative | | Fun-loving | | Gentle | | Logical | |
| Bold | | Spontaneous | | Stable | | Organized | |
| Take charge | | Optimistic | | Peaceful | | Conscientious | |
| Candid | | Cheerful | | Loyal | | Serious | |
| Independent | | Enthusiastic | | Good listener | | High standards | |
| Total D | | Total I | | Total S | | Total C | |

| DOMINANT | INFLUENCING | STEADINESS | COMPLIANT |
|---|---|---|---|
| Driven<br>Ambitious<br>Strong willed | Enthusiastic<br>Warm<br>Persuasive | Loyal<br>Relaxed<br>Patient | Detail oriented<br>Conventional<br>Exacting |
| Task focus,<br>They ask: "What" | People Focus<br>They ask people's input | People Focus<br>They ask: "Why" | Task Focus<br>The ask: "How" |
| Work toward achieving goals, and results; they think big picture; they function best in an active, challenging environment. This aspect describes those who are highly resourceful, enjoy challenging tasks, and can be direct, demanding and outspoken. | Work toward relating to people through verbal persuasion and influencing their environment; they function best in friendly, favourable, environment. They are great at encouraging and motivating others to take action. They are naturally creative problem solvers who can think outside of the box. | Work toward supporting and cooperating with others; they make good team players due to their cooperative nature and function best in supportive, harmonious environment. The steadiness trait examines the sincerity and stability of their character. They is also good at multi-tasking and seeing tasks through until completion. | Work toward doing things right, focus on detail and problem solving; they function best in a structured, orderly environment. Measuring a high level of independence and objectiveness, this trait also demonstrates those who are risk-averse. |

Maak ñ opsommming wat jy van jouself geleer het, deur die vraelys hierbo in te vul:

____________________________________________________

____________________________________________________

____________________________________________________

In die mens se innerlike “ek”,

lê sy diepste persoonlike identiteit.



# WEEK VIER

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | W | C | U | N | G | O | A | L | S | D |
| V | Z | F | R | B | E | D | K | H | C | F |
| E | Z | U | L | T | Q | K | N | K | H | M |
| L | A | N | D | I | F | A | C | Z | G | C |
| F | V | V | M | I | G | M | K | O | R | N |
| P | E | S | P | I | R | I | T | U | A | L |
| D | U | H | R | P | I | N | Y | G | C | J |
| X | D | O | A | O | G | I | F | T | E | H |
| F | F | R | B | T | P | S | R | V | J | K |
| Q | T | A | L | E | N | T | S | I | E | A |
| G | L | E | A | D | E | R | S | H | I | P |
| P | L | K | J | H | G | Y | D | S | A | G |

## DAGSTUKKIE 1 - VERMOËNS

*Whenever God gives you responsibility, He also gives you the ability to meet that responsibility.*

Jou vermoëns is natuurlike talente wat God in jou ingebou het. Een van die mees algemene verskonings waarom mense nie betrokke raak in bediening nie, is *"Ek het geen vermoëns nie"*. Dit is egter onwaar.
Die sleutel is om jou vermoëns te kombineer met die regte bediening!

*God has a place in His church where your specialties can shine, and you can make a difference. It's up to you to find that place. What I'm able to do, God wants me to do. You are the only person on earth who can use your abilities. No one else can play your role, because they don't have the unique shape that God has given you. The Bible says that God equips you "with all you need for doing His will." To discover God's will for your life, you should seriously examine what you are good at doing and what you're not good at doing.*
(The Purpose Driven Life, By Rick Warren)

Die Bybel herinner ons om ons talente te gebruik vir ñ taak.

*Eks 31:3*

Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen.

*Rom 12:3*

God het aan elkeen van ons die geloof gegee saam met sekere bekwaamhede.

**Aktiwiteit**

Instruksies: Omkring die vermoëns wat jou die beste beskryf hieronder.
As geen van die woorde op die lys by jou pas nie, voel vry om jou eie by te voeg op die "ander" lyn. *(Saddleback Church 301)*

1. *Vermaaklikheidsvermoë*: Om op te tree, te praat, te sing
2. *Werwingsvermoë*: Om mense in te skakel en te motiveer om betrokke te raak
3. *Onderhoudsvermoë:* Om uit te vind wie ander werklik is
4. *Navorsingsvermoë*: Om te lees, inligting te versamel, data te versamel
5. *Skeppende vermoë:* Om te skep of te ontwerp
6. *Grafiese vermoë:* Om te rangskik, te ontwerp, visuele voorstellings of baniere te skep
7. *Evalueringsvermoë:* Om data te analiseer en gevolgtrekkings te maak
8. *Beplanningsvermoë:* Om strategies te wees, te ontwerp en programme en geleenthede te organiseer
9. *Bestuursvermoë:* Om mense te bestuur om ñ taak of geleentheid uit te voer en die besonderhede te koördineer
10. *Beradings/Aanmoedigingsvermoë:* Om te luister, aan te moedig en te lei met sensitiwiteit
11. *Atletiese vermoë:* Om af te rig of deel te neem aan ñ sport
12. *Onderrigvermoë:* Om te verduidelik, op te lei, te demonstreer, te mentor
13. *Skryfvermoë:* Om artikels, briewe, boeke te skryf
14. *Taalkundige vermoë:* Om in een of meer tale te praat en te skryf
15. *Redigeringsvermoë*: Om te proeflees of te herskryf
16. *Bemarkingsvermoë:* Om geleenthede en aktiwiteite te adverteer of te bemark
17. *Herstelvermoë:* Om te herstel of instand te hou
18. *Kookvermoë:* Om etes vir groot of klein groepe voor te berei
19. *Onthouvermoë:* Om name en gesigte te onthou of te herroep

20. *Stokperdjie verwante vermoë*: Om met jou hande te werk in die volgende areas:

‡ Inlê van kos
‡ Houtwerk
‡ Tuinmaak
‡ Naaldwerk
‡ Brei/Hekel
‡ Kook
‡ Meubelkonstruksie/Herstel
‡ Ander ________________

21. *Meganiese bedryfsvermoë:* Om toerusting, gereedskap of masjinerie te bedryf

22. *Tegniese vermoë:* Om toerusting in die volgende area(s) te bedryf/herstel:

‡ Opname-studio
‡ Klank/Tegniese Ondersteuning
‡ Video-kunstenaar/Tegnikus
‡ Opstel van media/klank
‡ PowerPoint
‡ Inligtingstelsels (Web)
‡ Beligtingstegnikus
‡ Media
‡ Ander ______________

23. *Vindingrykheidsvermoë: O*m goedkoop materiaal of hulpbronne te soek en te vind wat nodig is

24. *Wiskundige vermoë*: Om met syfers, data of geld te werk

25. *Klassifiseringsvermoë:* Om boeke, data, rekords en materiale sistimaties te orden

26. *Publieke verhoudingsvermoë:* Om klagtes en ongelukkige mense met sorg en volwassenheid te hanteer

27. *Verwelkomingsvermoë:* Om warmte oor te dra, goeie verhoudings te ontwikkel, ander gemaklik te laat voel

28. *Musiekvermoë:* Om te sing of ñ musiekinstrument te bespeel

29. *Tuinontwerpvermoë:* Om tuinwerk te doen en met plante te werk

30. *Versieringsvermoë:* Om ñ omgewing vir ñ spesiale geleentheid te verfraai

31. *Ander* ____________________________________________

Skryf jou 5 vermoëns neer wat jou die beste beskryf en dra dit oor na jou missieprofiel.

____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________

## DAGSTUKKIE 2 - GEESTELIKE GAWES

### *1 Tim 2:7*

Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar.

Die Bybel verwys nie net na ons vermoëns nie, maar lê ook klem op die gawes wat ons van die Here ontvang het.

God wil normale mense in die bo-natuurlike gebruik. Wannneer die Heilige Gees betrokke raak in ons lewens, beweeg ons in nuwe dimensies bo ons eie potensiaal.

### *Han 1:8*

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uithoeke van die aarde.

### *1 Kor 1:25-31*

25 Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense. 26 Want let
op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; 27
maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; 28 en wat
onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet
te maak, 29 sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.
30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. 31 Daarom, soos geskrywe
is: Die wat roem, moet in die Here roem.

**Waarhede aangaande geestelike gawes**

- Die doel van geestelike gawes is om te dien.

Dit word nie gegee tot my voordeel nie, maar tot diens van ander.

*1 Pet 4:10*

As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy ñ genadegawe ontvang het, die ander dien.

*1 Kor 12:7*

Aan elkeen afsonderlik word ñ werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.

*Gal 5:22-23*

Moenie gawes met vrugte verwar nie

"Vrugte" toon my volwassenheid en karakter.
"Gawes" toon my bediening.

- Moet ook nie ander hulle gawes beny nie.

Die Heilige Gees het ñ uniekeplan met jou.

*1 Kor 12:21*

Moenie dink jou gawe maak jou verhewe bo ander nie.

- **Besef dat om jou gawe sonder liefde te gebruik, nutteloos is!**

*1 Kor 13:1-3.*

Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek ñ stuk klinkende metaal, ñ galmende simbaal geword. Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

## DAGSTUKKIE 3 - WAT IS Ñ GEESTELIKE GAWE?

Dit is ñ spesiale vermoë, wat deur die Heilige Gees aan elke gelowige by die vervulling met die Heilige Gees gegee word om ander te bedien en so die liggaam van Christus op te bou.
Wanneer ons na geestelike gawes verwys, lê dit in drie kategorië:
Genade -, bedienings- en leierskapgawes

Paulus verwys dat ons opdragte (aktiwiteite) het as gelowiges in ons gemeentes en omgewings.
Die Heilige Gees bemagtig ons om die aktiwiteite te doen.

*1 Kor. 12:4-6*

Daar is ñ verskeidenheid genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; 5 en daar is ñ verskeidenheid dienste, maar dit is dieselfde Here; 6 en daar is ñ verskeidenheid aktiwiteite, maar dit is dieselfde God wat al hierdie dinge in almal bewerk.

Paulus verwys in Korintiërs na 2 kategorië van gawes

- Genade gawes - 1 Kor 12:7-12
- Bedieningsgawes - Romeine 12:3-8; 1 Petrus 4:10,11

Hierdie gawes is in diens van die aktiwiteite wat in en deur ñ gemeente werk.

In Efesiërs 4 bring hy ñ derde kategorie in naamlik toerusting van mense in hulle bedieninge

- Leierskapgawes is 'n derde kategorie

Ons noem dit "Hero Makers".

## *Ef 4:11-12*

Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, 12 om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou.

## Genade gawes

Daar is gawes wat die Heilige Gees ons gee om te gebruik binne ñ gegewe opdrag of situasie.
In daardie oomblik bemagtig Hy ons om bo ons eie potensiaal op te tree.
Al nege gawes kan deur elkeen van ons werk binne ons elke dag lewe bv.

- Wanneer ek koffie drink saam met ñ vriend
- In die oomblik wat ek my kind moet raad gee
- Tydens my besigheidsvergadering

## *1 Kor 12:7*

Elkeen van ons ontvang ñ manifestasie van die Gees om die gemeente te bevoordeel.

- Jy ontvang wysheid en insig om ñ probleem op te los of ñ strategie te bepaal
- Jy ontvang ñ woord van profesie om iemand te bemoedig
- Jy ontvang ñ gawe van lering om iemand te help om te groei in ñ sekere area van sy lewe

| **Gawes van inspirasie:** | **Gawes van krag:** | **Gawes van openbaring:** |
|---|---|---|
| • Profesie<br>• Spreek in Tale<br>• Uitlê van Tale | • Geloof<br>• Wonderwerke<br>• Genesing | • Woord van kennis<br>• Woord van wysheid<br>• Onderskeiding van geeste |

## DAGSTUKKIE 4 - BEDIENINGSGAWES

Die Here het jou vermoëns en talente gegee en Hy wil deur die Heilige Gees die vermoëns sterker maak en effektief gebruik in Sy Koninkryk.

*Rom 12: 6-8*

As dit die gawe van profesie is, beoefen dit dan in ooreenstemming met die geloof; as dit is om ander te dien, gebruik dit dan vir dienswerk. Wie onderrig kan gee, moet onderrig; 8 wie kan bemoedig, moet bemoediging gee; wie mededeelsaam kan wees, moet dit met opregtheid doen; wie leiding kan gee, moet dit met toewyding doen; wie barmhartigheid kan betoon, moet dit met blydskap doen.

Paulus leer ons om die vermoëns wat God vir ons gegee het, binne Sy koninkryk te gebruik.
Hier is die vier hoof kategorië waarin ons bedieningsgawes val:

- Groei van mense
- Versorging van mense
- Ondersteuning
- Leierskap en organisasie

**Groei van mense**
(Evangelis, Profeet en Leraar)

- *Evangelis* - Die vermoë om die Goeie nuus van Jesus Christus op ñ nie-konfronterende manier aan ongelowiges oor te dra. Die vermoë om geleenthede raak te sien om Christus te deel en mense tot geloof in Hom te lei.
    - Voorbeeld: Gebruik die 'Alpha' kursus as hulpmiddel.

- *Profesie* – Dit is die vermoë om oortuigend God se wil te verkondig. Die vermoë om God se Woord op ñ geïnspireerde wyse in die openbaar te kommunikeer, sodat ongelowiges oortuig kan word, en gelowiges bemoedig en opgehef kan word.

- *Leraar (onderig)* - Die vermoë om God se mense te leer, deur die Bybel se waarhede verstaanbaar te kan maak en toe te pas in die allerdaagse lewe. Fokus daarop om ñ pad met mense te stap en hulle te help groei en restorasie te kry.
  - Voorbeelde: Dissipelskapsproses, groepslewe, fasilitering van kursusse

**Versorging van mense (Herder)**
Ondersteuning en versorgingsbedieninge.
Voorbeelde: berader, hospitaalbesoeke en groepslewe

- *Dien* - Die vermoë om behoeftes in die liggaam van Jesus raak te sien en inisiatief te neem, deur praktiese bystand te verleën om die nood te verlig.
- *Bemoedig* - Die vermoë om God se mense te motiveer om Bybelse beginsels in hulle lewe toe te te pas, veral wanneer hulle moedeloos en hulle geloof swak is. Dit is die vermoë om die beste in ander na vore te bring, en om hulle aan te moedig om tot hulle volle potensiaal te ontwikkel.
- *Barmhartigheid* – Die vermoë om hartseer te onderskei en empatie te toon met diegene wat ly in die liggaam. Die vermoë om ondersteuning met meegevoel en deernis te bied aan diegene wat krisisse en pyn beleef.
- *Voorbidding* - Die vermoë om vir die behoeftes van ander gelowiges, op ñ gereelde basis asook op 'n langtermyn basis, te bid. Die vermoë om te volhard in gebed en om nie moedeloos te word totdat die antwoord kom nie. (Kol 1:9-12)

- *Gasvryheid* - Die vermoë om ander, en veral vreemdelinge te verwelkom, tuis en gemaklik te laat voel in die kerkfamilie. Die vermoë om geleenthede te koördineer wat "fellowship" te weeg bring.
  1 Pet 4:9-11

**Ondersteuning**

Die vermoë om jou talente, soos administrasie, musiek en tegnies te gebruik, en so die gemeente te dien.

- Om jou talente te gebruik om deel van die aanbidding- of dramaspan te wees
- Te help met die klank
- Te help met dekor en nagmaal
- Help met die administrasie van ñ bediening
- In die agtergrond ñ helper te wees van die kinderbediening

**Leierskap en organisasie**

(Ons gaan in die volgende sessie hierdeur werk.)

Die vermoë om ñ projek aan te pak, struktuur te help skep en leiding te gee om dit te maak werk.

- Die lei van ñ projek
- Die verantwoordelikheid te neem van ñ proses
- Leierskap neem oor leiers
- Mense op te lei

| **My vermoëns**<br>Skryf jou 5 vermoëns wat jou die beste beskryf hier neer:<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________<br>__________ | **Watter een van die volgende drie gawes pas die beste in jou vermoëns**<br>**(Motiveer jou antwoord)**<br>• Groei van mense<br>• Versorging<br>• Diensbaarheid<br>__________<br>__________<br>__________ |
|---|---|

## DAGSTUKKIE 5 - LEIERSKAPGAWES

Ons kan ons gawes uitleef in ñ ondersteuningsrol, waar ek net deel vorm van ñ bediening en ondersteuning gee binne daardie bediening. Of in ñ leierskaprol wat ons verder gaan bespreek.

**Leierskap gawes – "Hero maker"**

*2 Tim 2:2*

Vertrou die waarhede wat jy voor baie getuies van my gehoor het, toe aan betroubare mense wat bekwaam is om dit aan ander deur te gee.

Die proses lyk so:

- Ek leer en wys vir jou
- Jy leer dit aan betroubare mense
- Hulle dra dit weer aan ander oor

Die Here roep mense met die verantwoordelikheid om ander toe te rus vir hulle dienswerk.

*Ef 4:11-12*

Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir hulle dienswerk. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou.

- God rig leiers op in ñ gemeente om ander toe te rus vir hulle dienswerk.
- Om nuwe grondgebied oop te breek waar dienswerk gedoen kan word.
- Om struktuur te skep waarin dienswerk gedoen kan word.

*Apostels:*

- Om grondgebied oop te breek en nuwe areas van bedieninge te skep.
- Die vermoë om ñ bediening te begin en hulle ontwikkeling te bestuur.
- Strukture te skep waarbinne mense kan dien.

*Die profeet:*

- Om visie die skep oor die rigting van die gemeente of bediening.

*Evangeliste:*

- Die oplei van mense om in die vermoë te ontwikkel om die Goeie Nuus van Jesus Christus op ñ nie-konfronterende manier aan ongelowiges oor te dra.
- Die vermoë om geleenthede raak te sien om Christus te deel en mense tot geloof in Hom te lei.

*Herders:*

- Die oplei van mense om te sorg vir die geestelike behoeftes van ñ groep gelowiges en om hulle toe te rus vir hulle diens.
- Die vermoë om ñ kleingroepe te lei en leiers op te lei.

*Leraar:*

- Die vermoë om God se mense op te voed, deur die Bybel se waarhede verstaanbaar te kan maak en toe te pas in die allerdaagse lewe.
- Dit is ook die vermoë om gelowiges toe te rus en op te lei vir bediening.

Ek sien myself in ñ ............ (Motiveer jou antwoord)
Ondersteuningsrol: ___________________________
Leierskapsrol: ______________________________

Whenever God gives you responsibility,

He also gives you the ability to meet that responsibility.



# WEEK VYF

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W | W | C | U | N | G | O | A | L | S | D |
| V | Z | F | R | B | E | D | K | H | C | F |
| E | Z | U | L | T | Q | K | N | K | H | M |
| L | A | N | D | I | F | A | C | Z | A | C |
| F | V | V | M | I | S | S | I | O | N | N |
| P | E | K | M | N | S | I | T | N | G | F |
| D | U | H | R | V | I | C | Y | G | E | J |
| X | D | O | A | O | L | O | O | Q | R | H |
| F | F | R | B | L | P | M | R | V | J | K |
| Q | W | E | R | V | T | Y | U | I | E | A |
| Z | F | G | U | E | Q | D | N | H | F | R |
| P | L | K | J | H | G | F | D | S | A | G |

## DAGSTUKKIE 1 EN 2 - JOU LEWENSMISSIE PROFIEL

Jy gaan nou alles wat jy omtrent jouself ontdek het gebruik om jou te help om ñ lewensmissie te skryf, sowel as om jou bedieningsplek te ontdek.

Ontdek jou unieke "jy", deur al die ontdekkings wat jy tot dusver gemaak het, neer te skryf.

**My passies**

Watter passies het ek ontdek vanuit my ervaringe?

___________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________

Watter passies het ek ontdek vanuit my hartsbegeertes?

___________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________

Watter groep mense sal ek my tyd aan wil spandeer?

___________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________

Oor watter saak is ek passievol?

___________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________

Watter drie waardes het vir my uitgestaan?

___________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________________

**Persoonlikheid**
Watter kenmerke het uitgestaan in jou persoonlikheid en DISC lys:

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

**Vermoëns**
Watter drie vermoëns het vir my uitgestaan?

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

**Gawes**
Watter een of twee van die gawes se hoof kategorieë pas die beste by jou vermoëns in?

- Groei van mense
- Versorging
- Ondersteuning

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

**Ek sien myself in die volgende rol:**

- Ondersteuningsrol
- Leierskaprol

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

As iemand eendag op jou begrafnis sou praat, wat sou jy wou hê hulle oor jou moet sê?

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

Hoe sal jy jouself voorstel as jy nie jou beroep mag gebruik nie?
Hoe sal jy jouself beskryf?

______________________________________________________
______________________________________________________
______________________________________________________

Met al die ontdekkings wat jy gemaak het oor jouself, teken ñ simbool wat jou verteenwoordig.
(Bv. Boom, Arend, Wolke, Huis ens)
Wat sal dit wees en watter byskrifte sal jy daarby skryf?

Verduidelik wat jy geteken het en hoekom?

______________________________________________________
______________________________________________________
______________________________________________________

**Skryf nou vir jouself ñ lewensmissie neer**

ñ Persoonlike missieverklaring is ñ kompakte, inspirerende en realistiese verklaring wat jou waardes en voornemens beskryf.
Dit behoort duidelik te wees, aangrypend, maklik om te onthou en maklik om te herhaal.
ñ Goeie missieverklaring behoort een of twee sinne lank te wees en drie dinge in te sluit:

- Jou vaardighede en vermoëns
- Jou persoonlikheidseienskappe
- Jou waardes, drome en passies

Voorbeelde:

- Aan die einde van my lewe, wil ek terugkyk en weet dat ek ñ nalatenskap vir die wêreld en my gesin agtergelaat het. Om dit te bereik, sal my missie wees om altyd meer aan die wêreld te gee as wat ek neem, sodat ek die wêreld beter agterlaat. Ek sal ñ nalatenskap van vriendelikheid en ñ gees van diens en gemeenskap agterlaat.

- My missie is om die mense om my te bemagtig, insluitend my kollegas by die werk, my vriende, en my gesin. Deur ander te bemagtig, kan ek die beste in my gemeenskap na vore bring, en my gemeenskap ñ beter plek agterlaat.

- Ek sal altyd strewe om myself en ander te bemagtig deur positiewe bevestiging, konstruktiewe terugvoer, en om slim keuses te maak. Ek sal hindernisse tot selfbeskikking verwyder en altyd mense se keuses in die lewe respekteer.

- Ek sal my tyd wy aan die mentorskap en leiding van ander. Deur my wysheid en ervarings te deel, kan ek ander help om hul eie reise te navigeer, en ñ nalatenskap van vriendelikheid en diens agterlaat.

**Skryf nou jou eie lewensmissie hier neer:**

## DAGSTUKKIE 3 - BETROKKENHEID IN DIE GEMEENTE

In die versorging- en leringskant van ons gemeente is daar geleenthede om ñ mentor of ñ fasiliteerder te wees.

Jou persoonlikheid en vermoëns gaan bepaal of jy 'n mentorsrol sal vertolk of ñ fasiliteerdersrol sal inneem.

Ons vra dus die 1/ 3/ 12 vraag.

- Jesus het vir skares gepreek (meer as 12).
- Hy het tyd met sy 12 dissipels spandeer.
- Ander kere het hy tyd met sy 3 naaste dissipels spandeer.
- En soms het Jesus mense 1 tot 1 bedien.

Voorbeelde van mentor en fasiliteerder geleenthede.

**Die mentor - (1 of 3 persone)**
Baie mense verkies eerder om ñ rol van ñ mentor op te neem.

- Jy kan met iemand ñ geestelike groei pad stap *(Dissipelskap)*
- Persoonlike groei ten opsigte van lewensvaardigheid *(Sakelui, huwelik)*
- Berading, waar jy mense help in hulle krisis *(Soulcare, Hospitaal besoek)*

**Die fasiliteerder - 12**
Mense het reeds in die eerste kerk in kleingroepies bymekaar gekom. In huise en sinagoges.
Die fasiliteerder hanteer groter groepe mense op ñ slag.

Vandag speel fasiliteerders ñ groot rol in die struktuur van die kerk.

- Omgee, manne- en vrouegroepe se anker is die fasiliteerder.
- Baie van die kursusse is so saamgestel dat die fasiliteerders net nodig het om videomateriaal te wys om gesprekke los maak.
- Jy hoef nie altyd die materiaal aan te bied nie, maar eerder net gesprekke los maak.

Vra die vraag: *"Is ek ñ Fasiliteerder of ñ Mentor?"*

## DAGSTUKKIE 4 - HOE LYK DIE BEDIENING IN ONS GEMEENTE.

My PRIMÊRE BEDIENING leef ek uit in die area waarin ek ñ gawe het.

My SEKONDÊRE BEDIENING behels dat ek dien in die area waarin ek benodig word. Veral die bediening op Sondae.

My persoonlikheid en gawes kan my help om te bepaal waar ek betrokke kan raak.

Hier is die 4 hoofkategorië waarin ons bedieninge val.

- Groei van mense
- Versorging van mense
- Ondersteuning
- Organiseer en lei

Kies watter bediening pas die beste by jou gawes en waaroor jy die mees passievol oor is.

Bestudeer al die bedieninge in die kampus en kies watter een die beste by jou gawes pas.

## DAGSTUKKIE 5 - "CITY CHANGERS" DOELWIT

Jy het nou die geleentheid om jou missieverklaring in te vleg binne die strategie van die kerk.

Waar kan ek my passie en vermoëns uitleef binne die plan van die Here, in Sy kerk.

Die *"Why and How"*.

- Jy moet die "why" verstaan – Die rede en hart agter jou bediening.
- Jy moet weet hoe jy dit wil doen, "how" – die strategie wat jy wil volg.

**Stap een– "Die why"**

1. Bepaal wie, waar of by watter saak jy betrokke wil raak.
Ons passies help ons om te bepaal wie of waar ek wil help:

- Wie (*groepering mense*)

Jongmense, getroude paartjies, besigheidsmense, nuwe bekeerlinge, werklose mense, seniormense

- Watter saak

Gesinne, Media, Sport, Regering, Opvoedkunde, Kunste Besigheid.

- Ek wil *(wie)* getroude paartjies help.
- Ek wil *(wie)* nuwe bekeerlinge help.
- Ek wil *(waar)* by die "Life-Centre" betrokke raak.
- Ek wil *(waar)* die besighede help.

2. Wat wil jy bereik?
Jou passie en waardes help jou ook ontdek wat wil jy bereik.

- Ek wil *(wie)* getroude paartjies help om *(wat wil jy bereik)* gelukkige huwelike te hê.
- Ek wil *(wie)* nuwe bekeerling help om *(wat wil jy bereik)* hulle identiteit in Christus te verstaan.
- Ek wil *(waar)* by die Life-Centre mense help *(wat wil jy bereik)* om hulle verlede te verwerk.
- Ek wil *(waar)* die besighede help om *(wat wil jy bereik)* koninkryksbeginsels toe te pas in hulle werksomgewing.

**Stap twee - Die '*how*' - Hoe wil jy die bereik?**

Jou persoonlikheid, gawes en vermoëns gaan jou help om te bepaal hoe jy dit wil doen en watter proses jy wil gebruik?

- Ek wil *(wie)* getroude paartjies help om *(wat wil jy bereik)* gelukkige huwelike te hê *(hoe)* deur ñ huweliksproses te fasiliteer by my huis.
- Ek wil *(wie)* getroude paartjies help om *(wat wil jy bereik)* gelukkige huwelike te hê *(hoe)* deur in ñ groep betrokke te raak en hulle te help met die admin.

***Why?***

Ek wil - Watter saak en wie?
Om - Wat wil jy bereik?

***How?***

Deur - Hoe wil jy dit doen?

Skryf jou eie "City Changers" doelwit

Ek wil ______________________________________________
om_________________________________________________
deur_________________________________________________

Onthou, dit is makliker om by jou doelwitte te hou wanneer jy 'n spêrdatum het.

Sien voorbeelde:

- Ek *(wil)* stukkende mense help *(om)* gesond te word *(deur)* saam met die hospitaal span hulle te versorg.
- Ek *(wil)* die gemeente help *(om)* God te aanbid *(deur)* in die worship span te dien.
- Ek *(wil)* by die werkloosheid vraagstuk in Diepsloot betrokke raak *(om)* een persoon per gesin te help werk kry *(deur)* ñ entrepeneurskap kursus te fasiliteer.
- Ek *(wil)* besighede help *(om)* koninkryksbeginsels toe te pas *(deur)* mense te mentor met die Lifework leadership kursus.
- Ek *(wil)* manne help *(om)* hulle plek in hulle gesinne op te neem *(deur)* in ñ mannegroep te fasiliteer.

**Hoeveel tyd het jy beskikbaar?**

Daar is baie krag wanneer ons ons talente en tyd begin saam sit.
Dink net vir elke uur wat iemand gee per week is dit gelyk aan een voltydse personeellid.

Hoe sal dit lyk as elkeen van ons 2 ure per week, elke tweede week of 1x per maand beskikbaar stel om ñ verskil te maak.

*It does not take great ability; it takes great availability for God to make an impact with your life! Rick Warren*

Wanneer die Here jou in die oomblik stuur is dit nodig om jou dagboek aan te pas sodat jy tyd kan uitkoop om betrokke te raak in die situasie.

Diensbare mense maak hulle self beskikbaar en is bereid om “Ja” te sê as die Here ons stuur.

Soos ñ soldaat moet ñ dienskneg gereed wees vir sy dienswerk.

*2 Tim 2:4*

No soldier in active service entangles himself in the affairs of everyday life, so that he may please the one who enlisted him.

Ons moet ook tyd uitkoop in ons dagboeke waar ons tyd gee vir ons bediening, die plek waar die Here jou wil gebruik in die seisoen van jou lewe.

*Han 20:24*

Maar ek bekommer my glad nie en ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God.

**Word deel van die "City Changers movement"**

Waar jy 2 ure beskikbaar stel om God se koninkryk te dien.

Jou 2 ure kan wees in jou:

- Primêre bediening in die week of Sondae en of
- Jou sekondêre bediening (die plek waar jy dienswerk doen op ñ Sondag of ñ uitreik)

Ek kan 2 ure gee vir my primêre bediening of vir my sekondêre bediening op ñ Sondag.

- Per week
- Elke 2de week
- 1x per maand

Kies hoeveel tyd jy beskikbaar het?
Tyd beskikbaar (2 ure)
Per week of elke 2de week of 1x per maand.

It does not take great ability;

it takes great availability for God

to make an impact with your life!

DOXADEO